



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

MEI/JUNIE 2025

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1****1.1 Meervoudige keuse**

1.1.1 B ✓✓

1.1.2 C ✓✓

1.1.3 B ✓✓

1.1.4 A ✓✓

1.1.5 B ✓✓

1.1.6 C ✓✓

1.1.7 D ✓✓

1.1.8 C ✓✓

1.1.9 C ✓✓

1.1.10 A ✓✓

(10 x 2) (20)

1.2 Pasitems

1.2.1 B ✓✓

1.2.2 L ✓✓

1.2.3 A ✓✓

1.2.4 H ✓✓

1.2.5 D ✓✓

1.2.6 K ✓✓

1.2.7 G ✓✓

1.2.8 C ✓✓

1.2.9 J ✓✓

1.2.10 E ✓✓

(10 x 2) (20)

1.3 Landboukundige terme

- 1.3.1 Vaste kapitaal/Langtermynkapitaal ✓
- 1.3.2 Ekstensiewe boerdery ✓
- 1.3.3 Beheer/kontrole ✓
- 1.3.4 Plaasvervangingsproduk / Alternatiewe produk ✓
- 1.3.5 Gedeeltelike begroting ✓ (5 x 1) (5)

1.4 Onderstreepte woorde

- 1.4.1 Grondstruktuur ✓
- 1.4.2 Kontrakbemarking / Kontraktuele bemarking ✓
- 1.4.3 Marknavorsing ✓
- 1.4.4 Balansstaat ✓
- 1.4.5 Vriesing ✓ (5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 50

VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING**2.1 Funksies van grond****2.1.1 Noem TWEE maniere hoe grond diere bevoordeel**

- Diere eet plante wat uit die grond groei ✓
- Grond voorsien 'n tuiste / habitat vir klein/mikro-organismes ✓
- Grond dien as 'n natuurlike filter wat water vir diere suiwer ✓
- Grond se ekosisteem is noodsaaklik vir die voedingstofsiklus, wat noodsaaklik is vir die oorlewing van alle lewende organismes ✓

(2)

2.1.2 Verduidelik maniere waarop plante grond bevoordeel

- Plantwortels hou gronde vas ✓ en voorkom gronderosie ✓
- Plante voeg voedingstowwe by tot grond ✓ wanneer dit ontbind ✓
(Koolstofvaslegging – plante absorbeer koolstofdioksied uit die atmosfeer deur fotosintese – stoor dit in die grond as organiese materiaal)
- Plante verskaf voedsel / habitat vir grondorganismes ✓ wat help met die ontbinding van organiese materiaal ✓
- Plante verminder waterverlies vanaf die grondoppervlakte ✓ deur skadu en bedekking te voorsien ✓ (Enige 1 x 2)

(2)

2.1.3 Beskryf die verskil tussen primêre en sekondêre hulpbronne en EEN voorbeeld van elk

- Primêre hulpbronne is natuurlike hulpbronne ✓
- Voorbeelde sluit in grond, water, plantegroei, sonlig ✓
- Sekondêre hulpbronne is mensgemaak vanaf primêre hulpbronne ✓
- Voorbeelde sluit in alle insette soos masjinerie, kunsmis, elektrisiteit ✓

(Voorbeelde moet pas by die beskrywing)

(4)

2.2 Veld/weidingbestuur**2.2.1 Beskryf die term *weiding***

Weiding is 'n area grond wat bedek is met plante ✓ gebruik deur diere vir wei en rond beweeg ✓

(2)

2.2.2 Identifiseer swak bestuurde weiding en TWEE redes

- Weiding **A** ✓

(1)

Redes:

- Die weiding is oorbeweid ✓
- Plantproduksie kapasiteit is laag ✓
- Voerproduksie is slegs 350 kg/maand ✓ (Enige 2 redes)

(2)

2.2.3 Redes waarom weiding **B gesien kan word as goed bestuur**

- Die weiding het gerus ✓
- Daar is hoë voerproduksie per maand (1 200 kg) ✓
- Weiding B produseer meer vergeleke met die ander weidings ✓

(Enige 2)

(2)

- 2.2.4 **Beveel bestuurspraktyke aan wat goeie weidingkondisie in weiding A sal bevorder**
- Goeie beweiding stelsels / Wisselweiding ✓
 - Lang rusperiode / Onthouding van diere vir 'n lang periode ✓
 - Korrekte diereverhouding / veelading / drakrag ✓ (3)
- 2.2.5 **Beste tyd vir benutting van weiding D met redes**
- Begin van reënseisoen – lente tot middel somer ✓ (1)
- Rede**
- Grasse is smaakliker in die groeitydperk ✓
 - Jong grasse is meer smaaklik as ouer grasse ✓
 - Minimaliseer die impak op toekomstige weidingsgroei ✓ (2)
- 2.3 **Topografie/helling**
- 2.3.1 **Dui die helling aan wat die warmste sal wees en gee 'n rede**
- Die Noordelike helling sal die warmste wees ✓ want dit ontvang direkte sonstrale ✓ (2)
- 2.3.2 **Noem die topografiese faktor**
- Oriëntasie / Terrein / Helling ✓ (1)
- 2.3.3 **Beskryf die effek van skaduwee sone op die suidelike helling**
- Maak die grond koeler ✓
 - Maak dat gronde stadiger uitdroog ✓
 - Daar is beperkte grondfauna / tipes gewasse wat verbou kan word ✓
 - Groot hoeveelheid organiese materiaal versamel op die grond ✓ (Enige 3) (3)
- 2.4 **Kapitaal**
- 2.4.1 **Identifiseer langtermynkrediet**
- Krediet om grond te koop ✓ (1)
- 2.4.2 **Identifiseer mediumtermynkrediet**
- Krediet om vee te koop ✓ (1)
- 2.4.3 **Identifiseer korttermynkrediet**
- Krediet om die nuwe arbeider te betaal ✓ (1)

2.5 Grondpotensiaal

- 2.5.1 Verduidelik stelling: Grondpotensiaal is slegs betekenisvol ten opsigte van 'n spesifieke gewas**
- Grond wat nie geskik vir een gewas is nie, ✓
 - kan geskik wees vir 'n ander gewas of weiding ✓
- 2.5.2 DRIE stappe in vasstelling in optimale gebruik van gronde**
- Versamel en klassifisering van grond data (fisies, chemies en biologies) ✓
 - Bepaal die gedrag van gronde ✓
 - Evaluering van gronde vir geskiktheid ✓ (Enige 3) (3)

2.6 Grondkleur

- 2.6.1 Indikase van grondkleur**
- Swart – teenwoordigheid van organiese materiaal / humus ✓ (1)
- 2.6.2**
- Grys – versuipde grondtoestande / Swak dreinerings ✓
– ysterteenwoordigheid in anaerobiese (tekort aan suurstof) grondtoestande ✓ (Enige 1) (1)

2.7 Gronddegradasie

- 2.7.1 Identifiseer die grond degradasie voorgestel in de prent**
- Gronderosie ✓ (1)
- 2.7.2 Noem DRIE boerderypraktike wat gronderosie veroorsaak**
- Oorbeweiding ✓
 - Swak bewerkingsmetodes ✓
 - Skade/verlies aan vleilande ✓
 - Ploeg van marginale gronde ✓
 - Onbedekte gronde / Ontbossing ✓
 - Swak besproeiingspraktike ✓ (Enige 3) (3)
- 2.7.3 Gee DRIE metodes gebruik deur 'n boer om gronderosie te voorkom**
- Oprig van kontoerwalle/-riwwe op gewas landerye ✓
 - Laat plantegroei toe om in weiveld te herstel ✓
 - Vestig dekgewasse ✓
 - Zero-bewerking/geenbewerkingpraktike ✓
 - Kontoerbewerking/Bewerk dwars oor die helling ✓
 - Aanplant van bome langs die land ✓
 - Goeie besproeiingspraktike ✓ (Enige 3) (3)
- 2.7.4 Lei TWEE nadelige effekte van gronderosie af**
- Vermindering van bewerkbare grond ✓
 - Verlies aan grondkwaliteit ✓
 - Toeslikking van damme ✓ (Enige 2) (2)

2.8 Identifiseer TWEE boerderystelsels

- Kommersiële boerdery ✓
- Bestaansboerdery ✓

(2)

2.9 Beskryf hoe 'n agritoerisme-onderneming-bydrae tot die algehele waarde van 'n boerderyonderneming

- Verbetering van fasiliteite en infrastruktuur ✓
- Verhoogde inkomste ✓
- Diversifikasie verminder risiko's ✓
- Verhoog die markwaarde van die plaas ✓
- Bevordering van 'n sterker verbintenis tussen die boerdery en die plaaslike gemeenskap ✓

(Enige 2)

(2)

[50]

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING.
PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES****3.1 Sakeplan****3.1.1 Beskryf die finansiële plan**

- Moet die finansiële aspekte van die onderneming beskryf, soos:
 - Moontlike/Verwagte inkomstes en uitgawes ✓
 - Verwagte wins / verlies ✓
 - Kontantvloeiëbegroting ✓

(Enige 2) (2)

3.1.2 Beskryf die bemarkingsplan

- Behoort te beskryf:
 - Teikenmark ✓
 - Marknavorsing ✓
 - Bemarking strategie ✓
 - Prysstrategie ✓
 - Tipe bemarkingskanaal / Metodes van verkoop ✓
 - Advertering / Promosie ✓

(Enige 2) (2)

3.2 Produksie eenheid**3.2.1 Bereken inkomste**

- Inkomste = Verkoopprijs x eenhede verkoop per maand
= R275 ✓ x 300 ✓
= R82 500 ✓

(3)

3.2.2 Bereken wins/verlies

- Wins/Verlies = Inkomstes – Uitgawes
= R82 500 (CA) – R85 000 ✓
= –R2 500 ✓ (CA tot 3.2.1)

(2)

3.2.3 Voorstelle om wins te verhoog

- (a) Waar ✓ (1)
- (b) Waar ✓ (1)
- (c) Onwaar ✓ (1)
- (d) Onwaar ✓ (1)

3.3 Scenario – Boer se winkel

3.3.1 SSGB (SWOT)-analise

(a) Sterk punte

- Boer besit 'n plaas wat groente produseer ✓
- Enigste winkel in area wat groente verkoop ✓ (2)

(b) Swak punte

- Nie genoeg geld / kapitaal nie ✓
- Werkers met swak kommunikasievaardighede ✓
- Werkers wat argumenteer met klante ✓ (Enige 1) (1)

(c) Geleenthede

- Lae koste advertensie in die koerant ✓ (1)

(d) Bedreigings

- Winkel in area met hoë misdadafsyfer ✓
- Winkel in area met hoë weerloosheid ✓ (Enige 1) (1)

3.3.2 Verduidelik voordele deur produkte van sy plaas in sy winkel te verkoop

- Verkorting van die bemarkingsketting ✓ beteken meer wins (profy) ✓ vir die boer
- Boer verminder grootliks uitgawes ✓ in bemarking wat meer wins beteken ✓ vir die boer (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 Stel idees voor vir oplossings vir werkers wat argumenteer

- Opleiding in kommunikasievaardighede ✓
- Motivering deur 'n beloningstelsel ✓
- Omruil van werkers tussen die plaas en die winkel ✓
- Verkry nuwe werkers wat meer geskik is vir die werk ✓ (Enige 3) (3)

3.4 Vergelyk plaashekbemarking met varsproduktebemarking

	Plaashek-bemarking	Varsproduktebemarking
Bemarkings-kostes	Het geen / baie lae koste ✓	Het hoër bemarkingskoste / markagent kommissie moet betaal word ✓
Verkoop-prys	Produkte word teen 'n laer prys verkoop ✓	Produkte verkoop teen fluktuierende pryse / Oorskot / Surplus – pryse is laag / Tekort – pryse hoog ✓

(2)

(2)

3.5 Gee die voordele van internet bemarking

- Dit kan 'n wêreldwye gehoor bereik ✓
- Dit is baie vinnig ✓
- Die bemarkingskoste is relatief laag / goedkoop / verniet ✓
- Verbruikers koop 24 uur per dag ✓
- Produkte kan direk aan verbruikers afgelewer word ✓
- Minder kapitaalintensief / benodig nie groot beleggings nie ✓ (Enige 4) (4)

- 3.6 **Kies 'n embleem vir advertering en motiveer keuse**
- [A] – Mandjie ✓ gee 'n gevoel van heilsaamheid / gesonde aard ✓
 - [B] – Toon natuur ✓ daarom omgewingsvriendelik ✓
 - [C] – Spesiale vorm ✓ wat dit opvallend maak ✓ (Enige 1 x 2) (2)
- 3.7 **Rangskik stappe in besluitnemingsproses**
- E; ✓ C; ✓ A; ✓ F; ✓ D; ✓ B ✓ (6)
- 3.8 **Noem die voordele van koördinasie**
- Verhoog die doeltreffendheid van die onderneming ✓
 - Duplisering word uitgeskakel ✓
 - Hulpbronne word optimaal benut binne die verskillende operasionele take ✓
 - Beter samewerking tussen werkers ✓
 - Eenheid in die werkplek verbeter ✓
 - Organisasie in die werkplek word makliker en meer doeltreffend ✓
 - Beter kommunikasie in die werkplek ✓
 - Suksesvolle bestuur van produksie vereistes ✓ (Enige 4) (4)
- 3.9 **Arbeid motivering**
- 3.9.1 **Verduidelik produktiwiteit**
- Produktiwiteit is die verhouding ✓ van landbou insette tot uitsette ✓
 - Hoe groter die landbou uitset vir 'n gestelde inset ✓, hoe hoër die produktiwiteit ✓ op 'n plaas en vice versa
 - Produktiwiteit is uitset gedeel deur ✓ inset ✓ (Enige 1 x 2) (2)
- 3.9.2 **Beskryf volhoubaarheid**
- Verweselik die behoeftes van die huidige generasie sonder om die behoefte van die toekomstige generasies in gevaar te stel ✓✓
 - Om 'n balans tussen ekonomiese groei of omgewingsbewaring of sosiale welstand te verseker ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)
- 3.9.3 **Noem die faktore wat motivering beïnvloed**
- Vergoeding ✓
 - Werkplektoestand ✓
 - Lewensomstandighede ✓
 - Werksbevrediging ✓
 - Persoonlike doelwitte ✓
 - Opleiding ✓ (Enige 3) (3)
- [50]

VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDETOEVOEGING EN VERPAKKING**4.1 Stappe in die opstel van 'n begroting**

1. Definieer die tipe en ontwerp van die begroting ✓
2. Definieer die produksieproses ✓
3. Bepaal eksterne faktore soos bemarkingskwotas, rente koerse ens✓.
4. Stel 'n aktiwiteitskaart saam volgens die tydskedule✓
5. Bepaal die pryse van insette en uitsette ✓
6. Beraam produksie en opbrengs per begrotingseenheid ✓
7. Bereken die vaste koste of die aktiwiteite wat gebruik word vir arbeid en meganisasie✓
8. Evalueer die winsgewendheid en/of finansiële lewensvatbaarheid van die plan deur die nodige berekeninge, norm en parametrisering ✓ (8)

4.2 Inkomstestaat

INKOMSTE			UITGAWES			✓
DATUM	ITEM	WAARDE (R)	DATUM	ITEM	WAARDE (R)	
25/01	Kalwers	20 000,00✓	4/1	Saad	5 000,00	✓
			10/1	Brandstof	3 000,00	✓
			15/1	Kunsmis	4 000,00	✓
			31/1	Salaris	4 000,00	✓
	TOTAAL	20 000,00✓		TOTAAL	16 000,00	✓

Rubriek


- Opskrifte van die kolomme ✓
- Elke korrekte inskrywing ✓ (1 x 5)
- Korrekte totale ✓✓ (8)

4.3 Gee die belangrikheid van die inkomstestaat

- Bevat inligting om te vergelyk met die begroting (prestasie na te spoor) ✓
- Kan wins of verlies bepaal vir die tydperk (meet winsgewendheid) ✓
- Staan die boer by in finansiële beplanning (besluite in te lig) ✓
- Beter beheer oor uitgawes ✓
- Dui die bron van inkomste aan ✓
- Dui aan hoe die inkomste gespandeer is ✓
- Help met belastingrekordhouding – dit verskaf sleutelsyfers wat nodig is vir die indien van akkurate belastingopgawes ✓ (Enige 3) (3)

4.4 Tipe rekord

- 4.4.1 Klimaatsrekords / Klimatologiese rekords ✓ (1)
- 4.4.2 Weiveld / Weiding ✓ (1)
- 4.4.3 Arbeidsrekord / Werkerrekords / Werkskorpsrekords / Werksmag ✓ (1)
- 4.4.4 Produksie rekords ✓ (1)
- 4.4.5 Bemerkingsrekords ✓ (1)

4.5 Vloeiidiagram van stappe in rekenkundige stelsel**Rubriek**

- Vloeiidiagram ✓
- Elke inskrywing op die regte plek ✓ (1 x 5) (6)

4.6 Onderskei tussen met die hand oes en masjienoes

- 4.6.1 **Aantal arbeiders**
- Baie arbeiders benodig vir met die hand oes ✓
 - Minder benodig vir masjienoes ✓ (2)
- 4.6.2 **Tydsraamwerk benodig**
- Arbeiders vir 'n langer tyd benodig vir met die hand oes ✓
 - Masjienoes word arbeiders slegs vir 'n kort tydperk benodig ✓ (2)

- 4.6.3 **Verduidelik koste Masjienoes**
- Hoë aanvanklike koste ✓
 - maar minder versprei oor die jare ✓
- OF**
- Laer kapitale koste ✓
 - versprei oor die jare ✓
- Met die hand oes**
- Hoë koste ✓
 - wat ophoop oor die jare ✓
- (4)
- 4.7 **Vereistes vir stoor**
- Beskerm die produk teen brand / plae / knaagdiere / weers-omstandighede ✓
 - Moet lugbeweging toelaat ✓
 - Moet beroking van die produk toelaat ✓
 - Geen verlies aan produkte nie as gevolg van vog of temperatuur ✓
 - Maklik om die produk te inspekteer ✓
 - Moet maklik wees om skoon te maak ✓
 - Moet ekonomies wees ✓
 - Maklik ontslae raak van water ✓
 - Moet nie maklik beskadig nie (duursaam) ✓
 - Goeie sekuriteit ✓
- (Enige 5) (5)
- 4.8 **Waardetoevoeging**
- 4.8.1 **Identifiseer landboukundige konsep**
Prosessering / Waardetoevoeging ✓ (1)
- 4.8.2 **Dui die metode van preserving**
- B / Souting ✓
 - C / Droging/Dehidrering ✓
- (Enige 1) (1)
- 4.8.3 **Verduidelik die nodigheid van proses E**
- Die produk is gesny / los ✓ wat dit moeilik hanteerbaar maak ✓
 - Verpakking sal die produk bevat ✓ en vermorsing van die gesnyde produk verminder ✓
- (Enige 1 x 2) (2)
- 4.9 **Beskryf maal van 'n landbouproduk**
- Breek van die produk in kleiner dele ✓
 - Om die produk meer eetbaar te maak ✓
 - Om die produk meer aanvaarbaar vir die verbruiker te maak ✓
- (3)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200